

Woensdag 20 September

Skrifgedeelte: Johannes 17:18-23

Fokusgedeelte: Johannes 17:22-23

Die een man-getuienis van ons een-wees

Die heerlijkheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is (vs 22).

Waarin lê die kerk se heerlijkheid ...? In nederige diens en gehoor-saamheid aan ons Vader, net soos Jesus se heerlijkheid op aarde 'n pad van selfverne-dering en diens was ... wat op sy kruisdood uitgeloopt het (vs 4).

Hoe word God se heerlijkheid sigbaar op aarde ...? In die *een-wees* van die kerk, as weerspieëling van die eenheid tussen Vader en Seun (vs 22-23).

Die vraag is natuurlik hoe die *een-wees* van die kerk lyk? Duidelik bedoel Johannes 17 nie dat al die gelowiges in dieselfde gebou bymekaar moet wees nie. Ook nie dat die gelowiges eenders (in taal en kultuur) moet wees nie.

Nee, dit is 'n geestelike eenheid wat ons klaar in Christus is! Die *een-wees* van die kerk beteken dat gelowiges se optrede só met dié van ons hemelse Vader ooreenkom dat die kerk soos *een man* optree! Dis om God se hart, sy genade en verlossing en nuwe lewe, in woord en daad te laat hoor!

En dit is só belangrik, want aan hierdie *een man*-getuienis hang die geloofwaardigheid van ons (evangelie-) woord in die wêreld! Dit is nou maar een maal só (en noem dit humanisties as jy wil): Die ongelowiges kyk na ons, Christene; hulle kyk of daar eenheid – eensgesindheid en harmonie en vrede – onder ons heers, en dit laat hulle besluit of hulle ons boodskap (van Jesus) kan glo ...

Is dit nie tragies dat die een-wees dikwels verdwerg word agter soveel verskeurdheid, ook ten opsigte van die kerk se boodskap, nie?

Daar word vertel dat Ghandi (die Indiese geestelike), wat besonder geboei was deur Jesus, toe hy gevra is waarom hy nie 'n Christen is en by die kerk aansluit nie, sou geantwoord het: “*By watter kerk*”?

Nagmaal is 'n getuienis én 'n beleving van ons een-wees, maar ook 'n ootmoedige gebed om die eenheid van die kerk.

Sing: Psalm 134:1, 2 (1936)

Ds. HC (Charl) van Rooy